education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## MODEL 2007

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

2. Skryf DRIE tekste:

   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A: OPSTEL
   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS
   - Beantwoord EEN vraag uit AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF

3. Begin elke skryfstuk/teks op 'n NUWE bladsy.

4. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees:

   4.1 Dui die beplanning aan as: BEPLANNING
   4.2 Dui die finale produk aan as: FINALE SKRYFSTUK/TEKS

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Dui die nommer en onderwerp van jou skryfstuk duidelik aan.

7. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

8. Punte word vir *beplanning*/*redigering*, *taal*/*styl* en *inhoud* toegeken.

9. Lees AL die vrae aandagtig deur en voer die opdragte noukeurig uit.


10. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 350 - 400 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk en bewyse van beplanning en redigering ingee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1



| |
|---|
| Terwyl sy doodverskrik bly staan, beweeg 'n donker figuur voor die venster verby ... |

Skryf 'n VERHALENDE OPSTEL wat met hierdie woorde begin.

**OF**

1.2




Skryf 'n BESKRYWENDE OPSTEL oor die mense (en hulle reaksies) wat saam met jou in die hysbak vasgesit het.

Kopiereg voorbehou 

**OF**

1.3



Baie bekendes laat hulle deesdae tatoeëer. Skryf 'n BEREDENERENDE OPSTEL oor tatoeëring. Oorweeg die voor- en nadele daaraan verbonde.

**OF**

1.4 Kies EEN van die prente en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan VERHALEND, BEREDENEREND, FEITELIK, VERKLAREND, ARGUMENTEREND óf BESPIEGELEND wees.

1.4.1




1.4.2




1.4.3



1.4.4



1.4.5




**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**

**VRAAG 2**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK van 180 - 200 woorde.
- Jy moet jou skryfwerk en bewyse van beplanning en redigering ingee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

2.1




Hierdie verskynsel kom ook in jou skool voor. Skryf 'n ARTIKEL vir jou skoolkoerant oor wat tieners oor naweke doen wat veroorsaak dat hulle Maandae só moeg is.

**OF**

2.2




Die tydskrif ***Weg*** het jou dorp/stad as hulle bestemming van die maand gekies. Stel 'n BROSJURE saam waarin jy daguitstappies en besienswaardighede van jou omgewing bekendstel.

**OF**

## 2.3 GENERASIEGAPING




**[Uit: *Beeld*]**

Ouers glo dikwels dat hulle kinders moedswillig ongehoorsaam is. Tieners blameer weer die generasiegaping vir die swak kommunikasie.

Skryf 'n BRIEF aan die pers waarin jy die standpunt van die tieners stel. Rig jou brief aan: Die Redakteur, *Jip*, Posbus 0071, BLOEMFONTEIN, 2020.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONEEL/NASLAAN/INFORMATIEF**

**VRAAG 3**

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n SKRYFSTUK van 100 - 120 woorde.
- Daar moet bewys van beplanning in jou antwoordeboek wees.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 **STROOIBILJET**

**RUK JOU GELDSAKE REG!**



Thabo Maleka het die volgende lys van Nuwejaarsvoornemens opgestel:

- Ek gaan my besteding beter beheer.
- Ek gaan 'n begroting opstel en daarby hou.
- Ek gaan skuld afskud.
- Ek gaan meer geld spaar.

Tieners kla dat hulle nooit genoeg geld het nie.

Stel 'n strooibiljet op waarin jy tieners bewus maak van:

3.1.1 Kreatiewe geldmaakplanne
3.1.2 Verantwoordelike geldbestuur

**OF**

3.2 **ADVERTENSIE**

Jy en jou vriend beplan om by funksies as platejoggies ('DJs') op te tree teen betaling.

Stel 'n advertensie op wat AL die besonderhede verskaf. (Punte word toegeken vir die INHOUD van die advertensie en NIE versierings nie.)

**OF**

3.3 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het vandag die beste nuus ooit ontvang. Maak 'n dagboekinskrywing oor hierdie wonderlike ervaring.

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou